

Vervang 'n stukkende ruit

Cashbuild maak dit maklik om 'n stukkende ruit te vervang

ONGELUKKE gebeur altyd. Jy gaan beslis 'n ruit of twee moet vervang as jou kinders die dag sokkerkoors het, maar nie te akkuraat skop nie. Cashbuild, jou verbruikerskampvegter, het al die materiaal wat jy sal nodig hê om die taak so vinnig en pynloos moontlik af te handel. Hier is 'n paar nuttige wenke oor hoe jy 'n stukkende ruit vervang.

JY BENODIG:

- 'n Nuwe ruit
- Maskeerband
- Langneustang
- Handskoene en veiligheidsbril
- Ou handdoek
- Stopverfmes
- Hamer
- Geglasuurde stopverf (of stopverf)
- Stoppunte
- Beitel of skroewedraaier
- Verfkwas en onderlaag wat vinnig droog word
- Maatband

STAP 1

Verwyder die stukkende ruit

Sit eers 'n veiligheidsbril op en trek werkhandskoene aan om te keer dat jy jou met glasstukke beseer. Jy kan nou die gebreekte ruit begin uithaal. As die glas gekraak is, maar nie heeltemal stukkend nie, sal jy dit eers moet breek.




As jy dit gaan breek, plak maskeerband oor die gekraakte ruit, bedek dit met 'n ou handdoek en slaan dit hard genoeg met 'n hamer dat die glas breek.

● Jy kan nou die glasstukke versigtig uit die venster raam haal.

STAP 2

Berei die venster raam voor

● Verwyder die stopverf om die venster raam. As die stopverf oud



is, breek dit dalk maklik af. Maar as dit 'n nuwe ruit is, sal dit waarskynlik klou. Gebruik dan 'n plat skroewedraaier of beitel.

● Verwyder enige hardnekkige glasstukke met 'n langneustang. Skuur die raam liggies af om enige oorblywende stopverf te verwyder. Vee die area met 'n klam lap af om seker te maak die oppervlak is skoon en glad.

STAP 3

Sit die nuwe ruit in

● Rol 'n stuk stopverf tussen jou hande in 'n lang, dun strook en druk dit ferm met 'n stopmes in die raam vas.

● Sit die nuwe ruit in die raam en druk dit in die stopverf in. Moenie in die middel van die ruit druk nie; druk aan die kante.

● Rol 'n stuk stopverf tussen jou hande in 'n strook met 'n deursnee van sowat 9,5 mm om die venster raam mee te verseël.

● Druk die strook met jou vingers in die naat tussen die ruit en die raam in en druk dit dan met die plat kant van die stopmes ferm vas.

Hou die mes teen 'n hoek tussen die ruit en die raam en stryk die oppervlak glad.



● Sny enige oortollige stopverf met die stopverfmes weg. Vee met 'n droë verfkwas oor die vars stopverf om dit glad af te werk.

AFRONDING

● Maak die nuwe ruit met terpentyn of brandspiritus skoon. Laat die stopverf sowat 'n week lank droog word. Wanneer dit droog is, kan jy die raam verf. Moenie langer as 25 dae wag om geglasuurde stopverf te verf nie.

Volg die volgende stappe as jy die venster raam weer moet afwerk:

● Vir staalvensterrame: Wend 'n veeldoelige onderlaag aan die raam en droë stopverf. Wend dan 'n bolaag aan wat vir die oppervlak geskik is.

● Vir houtvensterrame: Wend twee tot drie lae vernis aan die raam en droë stopverf. Laat elke laag eers droog word.

● Bel 0861CASHBUILD of besoek jou naaste Cashbuild-winkel vir nog raad oor huisverbetering en herstelwerk. Jou vriendelike Cashbuild-konsultant sal jou met graagte leiding gee en al die materiaal verskaf wat jy kort om die taak te verrig. ■

Cashbuild
Bou, Verf of DIY - jy kan met Cashbuild!